

SAVN-kongres 2022

Nijmegen, Nederland

Monique Rabé (NWU) & Nina Brink (NWU)

---

### **Wat behels die kodewisseling van voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders?**

Daar bestaan oor die algemeen nog min navorsing oor kinders se verwerwing van Afrikaans, sowel as oor kinders wat Afrikaans saam met 'n ander taal as eerste tale van geboorte af aanleer (d.i. *tweetalige eerstetaalverwerwing*). Daar is spesifiek nog geen navorsing uitgevoer oor die prosesse (soos kodewisseling) wat in Afrikaans-Nederlandse kinders se vroeë uitings opgemerk kan word nie. *Kodewisseling* is die gebruik van twee of meer tale deur dieselfde spreker in dieselfde uiting of gesprek. Hierdie aanbieding fokus op die kodewisseling wat tydens die tweetalige eerstetaalverwerwingsproses van Afrikaans-Nederlandse kinders figureer.

Die aanbieding lewer verslag oor die taaldata van agt voorskoolse kinders tussen die ouderdom 2;3 en 6;4 wat in Suid-Afrika Afrikaans-Nederlands grootgemaak word. Die data-insameling is met behulp van die ouerverslagmetode gedoen, en 123 uitings is in totaal vir die studie geanaliseer. Ten einde die kodewisseling van die respondente vir die studie te kon beskryf, is Myers-Scotton (1993) se matrikstaalmodel gebruik om in elke geval die dominante taal (*matrikstaal*) en die onderhorige taal (*ingebedde taal*) te identifiseer. Die meerderheid van die uitings het Afrikaans as matrikstaal – dit beteken dat Afrikaanse leksikale items meestal met Nederlandse leksikale items vervang is. Verder is elke uiting aan die hand van Poplack (1980) se drie kodewisselingstipes – te wete intrasinkodewisseling, intersinkodewisseling en ekstrasinkodewisseling – geanaliseer. In die data is daar slegs voorbeelde van intrasinkodewisseling (d.i. die wisseling tussen verskillende kodes binne die sinsvlak of klousgrense) opgemerk. Naamwoorde is meer as enige ander woordsoort gewissel (48%), gevolg deur werkwoorde (23%). As gevolg van die groot woordeskatoorvleueling tussen Afrikaans en Nederlands (ongeveer tussen 90-95%) is nie-identiese kognate (d.i. woordvorme wat etimologies verwant is, maar waarvan die vorm op 'n sistematiese wyse verskil, bv. *ek* en *ik*) (Van Huyssteen & Pilon, 2009) meer as die ander tipes kognate, naamlik nonkognate en valse vriende, vervang. Spesifieke voorbeelde wat met bostaande bevindinge verband hou, sal tydens die referaatvoorlegging aangebied word.